10 Februarie 2010

OUEROMSENDBRIEF 5/2010

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Volwassewording

In onderwys het bepaalde koersverandering ondergaan en sekere grondslae agterweë gelaat, een daarvan is die opvoeding van die kind. Onderwysmedia verwys vandag meestal na onderwys (education) onderrig en leer en verwys min of geen na die opvoedingsproses, die hoeksteen in volwassewording.

Die kind reageer op sy omgewing (ouerhuis, skool, omgewing), bepaalde verhoudings soos tussen opvoeder en kind, en intergroepverhoudinge) Die opvoedingproses gaan uit van die standpunt dat die kind self iemand is en die uitgangspunt is dan ook dat die kind inisiatief neem tydens sy eie volwassewording. Voorts begelei ouers en onderwysers 'n kind in sy volwassewording aan die hand van waardes en bepaalde norme. Elke kind se ontwikkeling en groei na volwassenheid word bepaal en beïnvloed deur die volwassenheid waarheen hy/sy op pad is. Elke kind is 'n individu, uniek in sy samestelling en wese.

Die kind ontwikkel oppad na volwassenheid 'n verantwoordelikheidsin, selfbewussyn, 'n gewete en ontwikkel 'n selfbeeld. Voorts is die kind toerekeningsvatbaar vir alles wat hy doen. Hierdie dinge stel die kind in staat om volwasse te kan word en gee ook toegang vir ouers en onderwysers om die kind na volwassenheid te begelei en op te voed. Kortom: Ouers het 'n aktiewe rol te speel in die skool sodat hul kan bydra dat die skool voldoende toerusting en mannekrag het om hul kind se opvoeding te bevorder.

K O O P U V O E R T U I G B Y M c C A R T H Y T O Y O T A , H E N D R I K V E R W O E R D R Y L A A N . H U L O N D E R S T E U N D I E S K O O L G E R E E L D . S ê U I S 'N O U E R V A N B A K E N K O P A S U 'N V O E R T U I G B Y H U L K O O P E N D I E S K O O L K R Y 'N S K E N K I N G V A N R 1 0 0 0 . 0 0 K O N T A K P E R S O N E P I E T E R V E L D S M A N (N U W E V O E R T U I E) V A U G H A N P R E T O R I U S (A U T O M A R K) .
T e l : 0 1 2 6 5 3 9 4 0 0

Om bogenoemde te ondersteun, 'n aanhaling uit 'n bron wat pas publiseer is: Parents participation in activities of their children's schools is one of the most important facets of successful education. Children gain better scores and improve in academic achievement when their parents work hand-in-hand with the school. Cormick, Benjet, Kurowski & Aposteleris 1997, Golding & Sharpira, 1996. In Ronnie Mmotlane, Lolita Winnaar en Mbitha wa Kivilu, 2009.

Bronne:

1. **Mmotlane R. Winnaar L; en Wa Kivilu M. 2009. Personal characteristics that predict South Africans participation in activities of their children's school. November 2009, Volume 29, Number 4, South African journal of education p. 527.**
2. **Engelbrecht C.S.; Kok J.C.; Van Biljon S.S. 1982. Volwassewording. Voorwoord deur J.G. Garbers ISBN 0409 112615.**

2. SENIOR KOOR

NB. VERANDERING VAN DATUM:

Die Autumn Concert saam met Jakaranda kinderkoor is nou MAANDAG 17 MEI 2010.

STIPTELIKHEID: Ons oefen van 16:00 tot 17:30. Ouers moet asseblief betyds wees. Verskeie ouers moes na verlede week se oefening geskakel word om hulle kinders te kom haal. Koorlede sal elkeen 'n brief ontvang met reëlings vir ons oefen en pretdag op Saterdag 27 Februarie 2010. Alle graad 4-7 leerders word uitgenooi om te kom vir 'n stemtoets. Reël met juffrou Mandi.

<u>Datums wat reeds beskikbaar is</u>:

Saterdag	**-**	**27 Februarie**	**-**	**Oefen en pretdag.**
Donderdag	**-**	**22 April**	**-**	**Notepret aand.**
Woensdag	**-**	**17 Mei**	**-**	**Autumn Concert saam met Jakaranda Kinderkoor.**
Woensdag	**-**	**2 Junie**	**-**	**Kultuuraand by ons skool.**

3. JUANITA DU PLESSIS - 12 FEBRUARIE 2010

KAARTJIES : LAERSKOOL BAKENKOP (KANTOOR)
: SOGGENS VAN 07:00 TOT 15:00
BETAAL OOK PER INTERNET AAN SKOOL EN KOM HAAL LATER AF.

KOOP NOU !! !!

Die wins word aangewend om 'n graad 4 onderwyseres aan te stel vanaf die tweede kwartaal.

Die plekke word min!!!

4. ATLETIEK

12 en 13 Februarie	**-**	**Cluster-atletiek te Hoërskool Eldoraigne.**
19 Februarie	**-**	**Atletiek : Distrikbyeenkoms Pilditch Stadion**
26 en 27 Februarie	**-**	**Atletiek : GISSA TBC : Gauteng Skole.**

5. PRAATJIE DEUR IVY SUTTON

<u>Geniet jou man</u>

PLEK	**:**	**Laerskool Bakenkop**
DATUM	**:**	**4 Maart 2010**
PRYS	**:**	**R100 per persoon**

Deure open 18:30
Navrae : 082 4588831

6. MATRIEK 2009

Nog twee van ons oud skoliere wat puik presteer het was Liesl Herselman (6 onderskeidings) en Lezahn Gouws (5 onderskeidings). Baie geluk !

7. VRYDAG – GEWONE KLERE

Vrydag 12 Februarie 2010 kan jy Valentynsklere (WIT EN ROOI) aantrek as jy R10.00 betaal. Nie net gaan jy mooi lyk nie maar 'n deel van die geld gaan geskenk word aan kerke in Haïti om slagoffers by te staan na die aardbewing. As jy nie R10.00 betaal nie, kom jy in Vrydagdrag !!

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOF